# 27 November 2023 - Lesing 186 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Wêreldse vreugde? – 7/2/61

**NO: 7819** ‘n Geringe mate van eieliefde is vir julle deur My toegestaan en daarom sal julle ook die vreugde van die lewe mag geniet, **vir sovêr dit nie die heil van julle siel benadeel nie.** En om dit in te sien, vereis slegs ‘n wil wat na My toegekeer is, **wat slegs die vaste voorneme vereis om volgens My Wil te lewe** en om julle geestelike doel te bereik wat julle vir julle lewe op aarde gestel het.

Word julle deur die wil beheers wat julle weer na My sou wil keer, dat julle nie in stryd sou wil handel met My Wil nie, dan bevind julle julleself ook op die weg wat weer na My teruglei, dan het julle al in 'n sekere mate julle wilsproef afgelê, julle het julle innerlik vir My uitgespreek en julle sal dan ook julle doel bereik, omdat Ek julle op elke manier ondersteun.

En dan sal ook die **klein aardse vreugdes** wat julle soms vir julleself berei, **julle geen nadeel berokken nie**. Want dan weet julle om die presiese maat te behou, omdat julle die stem van die gewete gehoorsaam, wat julle teen **elke oordrywing** waarsku. Julle sal met ‘n geruste hart bly kan wees met hulle wat vrolik is, julle sal julle kan verheug in julle bestaan, wanneer julle **maar steeds aan julle naaste dink**, dat hy nie droewig is terwyl julle vrolik is nie, want dan is hy in nood en dan sal julle hom moet help.

Daarom het Ek julle die gebod gegee om julle naaste lief te hê soos julleself. En as julle ook die gebod in ag neem, **dan het julle ook die reg om vir julleself klein vreugdes te berei**. En elkeen sal ook weet, welke vreugde hom toegestaan is, wanneer sy strewe geestelik gerig is, wanneer hy My nie uit sy gedagtes tersyde skuif nie, wanneer hy die heil van sy siel bo alles stel, want dan kan hy homself slegs verbly oor **sake wat geen gevaar inhou vir Sy siel nie**.

Dan sal hy ‘n fynbesnaarde gevoel hê of en wanneer hy in stryd handel met My Wil, omdat hy nie wil dat hy sondig nie, net soos wat hy andersyds vanuit homself ‘n **afkeer sal hê van wêreldse vreugde wat sy siel skade kan toebring**.

Hê julle naaste lief soos julleself. In hierdie gebod lê dus ook **‘n sekere geregverdigheid tot ‘n mate van eieliefde** en steeds sal julle daarop moet let dat julle hierdie maat nie oorskry nie. Want dit lê julle ook verpligtinge op teenoor julle naaste, **wat julle dan dieselfde mate aan liefde ten deel moet laat val**.

Sou julle dus nie die geringste eieliefde meer hê nie, dan sou ook die verpligting teenoor julle naaste slegs gering wees.

**Dog geseënd is hy wat die eieliefde ten gunste van die naaste verminder**. Want hy vervul waarlik My gebod tot My vreugde. Maar die klein vreugdes wat julle so nou en dan vir julleself berei, mag nooit vir julle naaste ‘n weerhouding van julle liefde wees nie en julle sal ook te alle tye bereid moet wees om dit op te gee, wanneer julle daardeur hulp vir die naaste sou kon bied.

En julle sal ook steeds insien wat reg en wat verkeerd is, solank julle vanuit ‘n suiwer hart die verbintenis met My sal wil bewaar, julle sal nie teen My Wil in handel nie en julle sal ook teen versoekinge van allerlei aard beskerm wees, **solank julle probeer om slegs My Wil te vervul.**

Want julle verweer julle dan innerlik teen al dergelike versoekinge en ontvang ook van My die krag om weerstand te bied. **Want Ek handel soos ‘n ware vader teenoor julle wat My kinders wil wees** en bly en ‘n vader beskerm Sy kind teen elke gevaar. Amein.